Inheemse Spoor

Celebrating Khoi-Khoi Indigenous Knowledge

Uitgawe 10 'n Publikasie van die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust JANUARIE 2025

# Nama Volk ontvang hul R1 Miljoen




## NAMA, GRIEKWA KRY VERSTERKING

Dit was met gebede van danksegging in die oeroue Namagowab-taal en lofliedere en aanbidding vanuit die Griekwa Christelike tradisie, dat die leierskap van die Griekwa en Nama volke op 11 Januarie by die erfenisryke Kasteel van Goeie Hoop tjeks van R1 miljoen ontvang het van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust.

Hierdie gelde wat in die openbaar deur die uitvoerende leierskap van die Trust oorhandig is aan die Nama Volksorganisasie en die Griekwa Nasionale Raad is bedoel vir die opheffing van Nama en Griekwa Eerste Nasie gemeenskappe wat nou voordeel kan trek van die tradisionele kennis van hul voorouers wat die kennis van Rooibos en ander plante oor eeue bewaar, bewerk en opgebou het.

***Meer foto's, stories binne.***

# Griekwa Volk ontvang hul R1 Miljoen




PHOTO'S: IFN MEDIA



Nama en Griekwa-leiers en afgevaardigdes luister na Stanley Peterson, onder-voorsitter van die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust .

# 'Gebruik geld om mense, gemeenskappe op te hef'

ZENZILE KHOISAN

Dankgebede en lofliedere in die inheemse Namagowab-taal het Saterdag 11 Januarie deur die gange van die Kasteel van Goeie Hoop in Kaapstad weerklink.

Gepaard daarmee was daar boodskappe van hoop en restorasie, asook gesange deur die Griekwa-koor tydens die geskiedkundige en openbare geleentheid toe 'n R1 miljoen elk aan die Nama en Griekwa-volk van Suid-Afrika oorhandig is.

Die fondse is deur die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Rooibos Trust (KPRBT) oorhandig as deel van die Toegang en Voordeel-verdeling-fondse wat spruit uit die fondse wat van die rooibos-heffing verkry word.

Drie boodskappe van die Trust het duidelik na vore gekom by die oorhandiging aan die leiers en verteenwoordigers van die twee inheemse Khoi-Khoi-gemeenskappe.

Eerstens, dat hierdie oorhandiging 'n bewys is dat die Khoi-Khoi besig is om in hul eie belang op te tree; tweedens dat die geld kosbaar is en bedoel is vir die opheffing van die mense, en derdens dat die konflik en binne-gevegte onder die volk nie langer geduld gaan word nie.

In die Kasteel, die plek waar die Khoi vir die eerste keer onteien is van hul grond, kultuur, taal en erfenis, het die boodskap van restorasie duidelik deurgekom met die opening van gebed in die eeu-oue Namagowab-taal deur pastoor Paul Vogelsang van Port Nolloth in die Noord-Kaap, een van die verteenwoordigers van die Nama Volksorganisasie,

Past. Vogelsang het in sy gebed gevra vir die seën van die Skepper oor dié geskiedkundige geleentheid.

Dit is gevolg deur 'n inspirerende boodskap in die inheemse taal en in Afrikaans van Oudste Gert Links, voorsitter van die Nama Volksorganisasie, wat 'n beroep gedoen het vir eenheid, samewerking en begrip.

"Dit sal dien om die erge aanvalle op die volk, wat nou alledaags geword het, teen te werk," het Links gesê.

Hy het toe gemaan dat "iemand wat rusie maak, nie in die Lig wandel nie".

Verder het hy gewaarsku dat daar "onbehoorlike aktiwiteite en roeringe in ons gemeenskappe plaasvind, wat baie gevaarlik is en waar verskillende boodskappe selfs in eie geledere versprei word, wat grootliks verskil van die doel waarmee ons besig is, naamlik die opheffing van ons mense en gemeenskappe."

Die Oudste het toe gevra vir leiding van ons Hemelse Vader om "ons skip in die regte rigting te stuur, weg van die rotse".

Frans Kraalshoek, tesourier van die KPRBT, het hulde gebring aan die talle oudstes wat teenwoordig was, asook aan die talle leiers wat die KhoiSan-herlewing gebou het, maar wat nie meer hier is om by hierdie waterskeidingsoomblik te wees waarvoor hulle so onvermoeid gewerk het.

"Hierdie baanbrekers het gepraat oor die inheemse kennisstelsels, oor die reg om die waarde van ons inheemse plante te bewaar en te beskerm, en baie van hulle leef vandag nie meer nie.

"Daar was ook mense wat agter die skerms gewerk het, soos A.A.S. le Fleur. Was dit nie vir hul voetspore nie, sou ons nie vandag so 'n heuglike dag kon vier nie," het Kraalshoek gesê.

Hy het ook diegene wat verkeerdelik dink dat hulle persoonlik geld van die Trust kan ontvang, sterk aangespreek.

Hy het toe die jongmense in die volgepakte saal gevra om op te staan en gesê "dat die geld is vir hierdie jong mans en vroue".

Kraalshoek het toe die jeug aangespreek en hul gemaan om die oomblik aan te gryp, om met innoverende besigheidsidees en konsepte na vore te kom wat hierdie rooibos geldelike steun en voordele tot die maksimum te gebruik vir volhoubare ontwikkeling."

Hy het verder verduidelik dat die hulpbronne wat deur die KPRBT oorhandig word die omstandighede moet verander en dat jongmense ondernemings moet bou wat beter as Nestlé en BMW sal wees.

Het het dit ook benadruk dat die gelde wat oorhandig word deeglik dopgehou sal word sodat dit vir die regte doeleindes gebruik sal word.

"Ons gaan nie enige korrupsie of wanbestuur verdra nie. Dit is noodsaaklik dat die Trust sal monitor en toesig hou, en ons is bereid om met betroubare individue te werk wat ons visie vir voortuitgang deel," het die tesourier bygevoeg.

Stanley Peterson, ondervoorsitter en hoof-onderhandelaar van die KPRBT het gevra vir 'n minuut van stilte uit respek vir Queen Khoisan SA (Cynthia Triegaardt), vrou van Koning Khoisan SA, wat ongelukkig haar lewe verloor het in 'n ongeluk naby Colesburg in die Noord-Kaap.

Peterson het gesê ten spyte daarvan dat hulle verskillende standpunte oor sekere sake gehad het, is dit steeds belangrik om kennis te neem dat Khoisan SA, sy vrou en ander die gebied buite die Unie-geboue in Pretoria vir sewe jaar beset het as deel van die bewusmakingsaksies vir erkenning van die Khoi en San in Suid-Afrika.

Peterson het daarna die moeilike proses verduidelik waardeur die onderhandelingspan vir byna elf jaar moes gaan, en ook hoe hulle deur die Rooibos-bedryf en hul vennote geminag is.

Volgens Peterson het die span te staan gekom voor hooggeplaaste prokureursfirmas soos Webber Wentzel in Kaapstad, "en terwyl ons ernstige sake bespreek het, het die groot verteenwoordigers ons geïgnoreer en koerant gelees.

"Tot ons eendag genoeg hiervan gehad het en opgestaan het van die onderhandelingstafel en aan hulle gesê het ons is nie hul plaaswerkers nie.

"Ons het toe gevra dat hulle ons net vir een dag soos mense en nie soos diere moet behandel. Eers daarna het dinge verander."

Peterson het toe weer die proses verduidelik van hoe die Toegang en Voordeel-verdeling heffing aan die regering betaal word en dan soos in die ooreenkoms uitgestippel, word dit gelykop – 50/50 – tussen die Khoi en die San verdeel.

Hy het ook verduidelik hoe die verspreidingsproses werk en hoe die eerste uitbetalings goedgekeur is.

Volgens Peterson is slegs ses van projekte uit die 38 wat aansoek gedoen het, goedgekeur omdat hulle aan die vereistes voldoen het.

"Baie van die aansoekers het gekom van enkel-eienaar maatskappye, terwyl ander aansoeke van stamhoofde was, maar die aansoeke was onsuksesvol omdat dit nie aan die vereistes voldoen nie, want daar is duidelike riglyne en sekere kriteria waaraan voldoen moet word."

"Die Trust het 'n besluit geneem dat geen geld direk in enige rekening van 'n stamhoof betaal sal word nie.


"Ons het besluit dat die Toegang en Voordeel-verdeling geld betaal sal word aan diegene wat geïdentifiseer is as die begunstigdes, naamlik die Namas, Griekwas, Kaapse Khoi en die Koranas, sowel as die gemeenskappe van die Cederberg-strook."

"Tot op datum het die Cederberg-strook gemeenskappe reeds hul gelde ontvang, en nou ook die Griekwa en die Nama," het Peterson gesê.

Hy het toe verduidelik dat daar 'n konferensie van die Korana plaasgevind het,maar dat daar net sekere groepe teenwoordig was.

Hy het 'n beroep gedoen op al die groepe om te verseker dat daar groter samewerking binne al vier die Khoi-Khoi groepe is.

"Indien daar groepe buite is, is dit elke groep se verantwoordelikheid om hulle deel te maak van jul strukture, dit is nie ons verantwoordelikheid om dit te laat gebeur nie."






# Boodskap van die Voorsitter

## Pastoor Johannes Maarman



JOHANNES MAARMAN

# 'Dankie vir diegene wat hard werk en waarskuwing aan skindertonge'

Wees gegroet al my KhoiSan volkere, waar julle ookal is. Dit sluit in die Namas, Koranas, Griekwas, Cape Khoi en ons vriende aan die oorkant, die San.

Ons is in 2025, en ek wil my gelukwense aan elkeen oordra. Baie harde werk is in 2024 gedoen en nou staan ons by 'n jaar waar ons weer die saak vir ons mense moet vorentoe vat.

Ek wil die leierskap van die Nasionale Khoi en San-Raad (NKC), asook die Trustees van die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust – saam met hul mans, vroue en kinders – 'n voorspoedige jaar toewens.

Ons is baie bevoorreg om steeds hier te wees om die werk verder te vat van waar ons opgehou het verlede jaar. As die voorsitter van die Trust wil ek almal bedank wat bygedra het dat ons gekom het tot hier.

Dan wil ek diegene wat foute gevind het en steeds foute vind, mooi en nederig vra om eerder te kom help om die volk se saak verder te voer as om eenkant te staan en kritiseer en stories aandra.

Soms weet mense nie wat hier binne aangaan en hoe ons dinge gedoen kry nie. Dan dink ek ook dit is net reg om te kom vra wat gaan hier aan, pleks daarvan om op verskeie sosiale media dinge te sê waarvan jy niks weet nie, of waarvan jy nie die feite het nie.

Dit kan lelike gevolge inhou vir diegene wat aanhou om sulke leuens en aantuigings kwyt te raak. Ons sal geen ander keuse het nie as om teen sulke mense op te tree wat ongegronde aantuigings op verskeie sosiale media platvorms sê nie.

Ons is reeds besig om regsopinie in te win om hierdie vuilspel-taktiek stop te sit onder ons mense.

Dit is gewoonlik hulle wat oningelig is, wat pleks van uitvind wat die ware toedrag van sake is, besluit om liewer die verkeerde en negatiewe stories te glo.

Ek wil dit weer beklemtoon, as jy nie wil saamwerk nie, wag en kyk dan eers wat gedoen word voordat jy aanval. Tog wil ek sê dat jy 'n reg het om saam te werk, omdat dit 'n volk-saak is en nie net een persoon se saak nie.

Sluit aan by erkende groepe op sosiale media en lug jou mening daar of vra die vrae op die regte plekke.

Dit is die volwasse manier om uit te vind wat die waarheid is, en op dié manier leer ons ander mense, en veral die jonger geslag, hoe dinge op die regte manier gedoen word.

Ek wil veral die NKC en sy lede prys, wat gehelp het dat die goed op dreef kom, sowel as die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust, wat onder moeilike omstandighede en lelike, ongegronde aantuigings steeds voortgaan met die goeie werk wat hul doen om ons Khoi-Khoi-gemeenskappe op te hef.

Baie dankie ook aan die res van die land se Khoi-Khoi, wat dink ons het darem iets goed gedoen, al het ons nog nie als gedoen nie. Ons waardeer dit regtig.

Vir diegene wat ons nie wil sien nie, of wat ons wil dood sien, sê ons kom hoor maar wat is die regte saak, kom hoor by die regte plek en kom sit jou gewig agter wat ons doen ter wille van ons mense.

Vir my as die voorsitter, is hierdie 'n baie optimistiese jaar – een waar ons weer gaan hard werk om dinge in plek te sit om ons mense ingelig te hou en ons gemeenskappe op te hef.

Tot 'n volgende keer,

Johannes Maarman

## Message from Frans Kraalshoek – KPRBT Treasurer

# 'Together we are paving the way for a brighter future'



FRANS KRAALSHOEK

Best of greetings for 2025 to all esteemed members of the Khoi Khoi community.

May the New Year bring renewed determination and the promise of change. Together, we can achieve the freedom and dignity that our ancestors fought for and that we deserve.

Even as we embrace this New Year of 2025 with which our Creator has blessed us, we give thanks that we have spent much needed time with our families and loved ones over the festive season. For all of us this was a time for reflection, gratitude, and hope, and I am grateful for the resilience and unity that our communities have shown last year.

I am honoured to address you today as we embark on a significant journey together, empowered by the pledges of financial support for the Cederberg Belt Rooibos Communities, as also for the Nama, Griqua, Korana and Cape Khoi communities from the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust.

This funding is not just a financial contribution; it is a commitment to uplift our communities and create lasting change. The designated purposes of these precious resources, namely community development, education, skills development, healthcare, sports, arts and culture, and agricultural development, are crucial for the growth and prosperity of our people.

It is our shared responsibility to ensure that these resources are managed with integrity and transparency, reflecting our commitment to the betterment of our community.

The Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust (KPRBT) stands as a testament to our commitment to advancing the economic freedom and well-being of our people. We are proud to be the first of its kind in the world, ensuring that our beneficiaries receive the support they need to thrive.

Together, we are paving the way for a brighter future for the first indigenous people of South Africa.

As we move forward, I urge all beneficiaries to implement sound financial management processes. This is vital in ensuring that the funds are utilised effectively and responsibly.

Our focus will be on empowering our youth and women, fostering job opportunities, and addressing the socio-economic challenges that have persisted in our communities for far too long.

Let us recognise this financial support as a lifeline for the first indigenous peoples of South Africa. It is an opportunity to bridge the gaps that have been overlooked by traditional avenues of support.

We must demonstrate to our stakeholders and the broader South African community that we are capable of making a meaningful difference in the lives of all our people, particularly our youth and women and the vulnerable in our communities.

We will not tolerate corruption or mismanagement. Monitoring and oversight from the Trust will be essential, and we are committed to partnering with trustworthy individuals who share our vision for progress.

I call upon our youth to seize this moment, to bring forth innovative business ideas and concepts that will maximize the benefits of this Rooibos financial support for sustainable development.

We must not lose sight of the challenges we face. Let us unite in our voices and efforts to bring attention to the issues that affect us and work towards a future where our rights and heritage are respected.

Together, we can transform this funding into a powerful catalyst for change. Let us work hand in hand to build a brighter future for our community.



# Namagowab in Kasteel gehoor toe in oeroue taal gebid, gesing is

ZENZILE KHOISAN

Die hoogtepunt van die openbare oorhandiging-seremonie van die Toegang en Voordeel-verdeling fondse was toe die leierskap met hul afgevaardigdes vorentoe geroep is om 'n vergrote afskrif van die R1 Miljoen tjeks te ontvang.

Daar was gejubel, gejuig en gesange gesing in die inheemse taal. Past. Paul Vogelsang van die Nama het die gebeure geopen met 'n gebed en in die oeroue Namagowab, en hy het ook die Namas in 'n gesang van danksegging gelei in dié taal.

Hy het verduidelik dat die lied se woorde is dat "dat die Here gee ons goeie dae en dit hang af van ons wat ons daarmee maak".

Die tjek vir R1 miljoen vir die Nama Khoi-Khoi volk is namens die Nama Volksorganisasie deur die organisasie se voorsiter, Oudste Gert Links in ontvangs geneem.




**DANKBAAR:** Oudste Gert Links, wat namens die Nama Volksorganisasie die tjek van R1 M ontvang het, spreek sy dankbaarheid uit.

Die oudste het sy dankbaarheid uitgespreek teenoor die leierskap van die Trust, asook aan die leierskap van die Griekwa-volk wat ook hul tjek van R1 M in ontvangs geneem het.

Verder het Links 'n spesiale woord van dankbaarheid aan die Nama-leier James Mapanka uitgespreek, "wat leiding gegee het dat ons as volk moet verenig".

Volgens Oudste Links is leier Mapanka betrokke met opvoeding en is hy ook besig met die bevordering van die Namataal, en dat hy tans die Nama Volksorganisasie in 'n raadplegende hoedanigheid dien.

"Mapanka is een van ons adviseerders wat vir ons die regte leiding sal gee, sodat ons slegs konsentreer op dit wat ons verantwoordelikheid is," het Links gesê.

Links het verder uitgebrei dat die Nama-volk hul leiding sal neem van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust om te sorg dat hulle voldoen aan alle vereistes.

"Ons vertrou dat die Trust die kriteria sal uitstippel sodat ons daarvolgens sal werk," het Links bygevoeg.

# *Khoi en San kan hul eie toekoms bepaal*

DEBBIE HENDRIKS

Die inheemse strukture wat werk vir die inheemse volk soos die Nasionale Khoi-San Raad (NKR) en die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust (KPRBT) word hewig aangeval en gekritiseer, maar dan draai die mense skielik om en kom soek geld by die Trust.

Oor hierdie jakkalstreke het Stanley Peterson, onder-voorsitter en hoof-onderhandelaar van die Trust, hom sterk uitgelaat by die geldoorhandiging-seremonie by die Kasteel.

"Daardie selfde mense wat ons strukture soos die NKR daarbuite lelik aanval draai dan om en kom soek geld by die Trust, wat gestig is as gevolg van die NKR se harde werk. Hoe werk hulle dit uit," wou hy weet.

Peterson het veral gepraat oor die KPRBT se visie van volhoubaarheid, die noodsaaklikheid om reg te werk met die gelde wat oorhandig is aan die Nama en Griekwa Khoi-Khoi volke, asook die probleem van inmenging in Khoi volke se sake.

Volgens Peterson is die stories oor gelde wat gesteel is wat daar buite rondloop heeltemal onwaar en dien dit om mense op te sweep.

"Gemeenskappe hier buite moenie agter stories aangaan nie. As jy wil weet oor die Rooibos Trust, of gelde van die Trust, kom praat met Pastoor Johannes Maarman (voorsitter), en as jy nie vir hom kry nie, kom praat met my (hoof-onderhandelaar) of Frans Kraalshoek (tesourier)," het Peterson aanbeveel.

Hy het verder beswaar gemaak oor die inmenging van die politici in die sake van die inheemse herlewing, wat probleme veroorsaak.

Peterson het verwys na 'n vergadering op 23 Desember 2024, waar die Khoi-leierskap geroep is om verslag van parlementariërs te gee.



STANLEY PETERSON

"Skielik moes ons trustlede laasjaar by die minister wees oor Parlementslede van twee politieke party, dit vereis het.

Daai manne was al die jare nêrens, nou dat die gelde hier is, nou kom hulle skielik na vore. Politiek maak net ons mense se dinge deurmekaar," was sy mening.

"Ek is self 'n politician. Ek is die speaker van 'n munisipaliteit, maar ek meng nie my politiek met dié sake nie. Nou word daar skielik van ons verwag om aan 'n portefeulje-komitee te gaan rapporteer oor die gelde.

"Waar het die Xhosas of Zulus al ooit gaan rapporteer oor hulle se geld?" wou hy weet.

Volgens Peterson is daar geen ander situasie wat vergelyk kan word met die openbare oorhandiging van R1 miljoen elk aan die Nama of die Griekwa volk nie.

"Geskiedenis word vandag hier gemaak, want waar het jy by die regering of enigiemand anders 'n miloen rand gekry," het Peterson gevra.

"Wat vir ons belangrik is, is dat elke sent van hierdie miljoen rand vir die gemeenskap aangewend word om die volk op te bou.

"Ons wil hiermee die patroon breek want ons mense het weens onteiening bedelaars in hul eie land geword."

"Dit is vir ons belangrik dat ons in die openbaar die geld oorhandig sodat diegene daar buite wat sê dat ons die geld gevat het, kan sien dit is nie waar nie. Geen geld word in enige chief of individu se rekening betaal nie.

"As die Trust gaan ons dit monitor, dit is waarom ons gevra het dat die dokumente deur die voorsitter van die Nama en Griekwa-rade voor ons geteken word. "

"Hierdie geld is om vir die regering en die mense daar buite te sê dat ons ons eie toekoms kan bepaal en ons moet daai voorbeeld wees vir ons jeug."




# Skei kaf van koring vra voorsitter

ZENZILE KHOISAN

Die strukture wat werklik 'n verskil maak in die lewens van die Khoi en San inheemse mense verdien respek vir hul werk om vir die volk te baklei en hulle op te hef.

"Die tyd tyd het aangebreek dat daar streng opgetree word teen diegene wat hierdie strukture en hul leierskap ontverantwoordelik aanval."

Dit was die sterk boodskap van Pastoor Johannes Maarman, voorsitter van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust tydens die geld-oorhandigings-byeenkoms by die Kasteel in Kaapstad.

Past. Maarman het verwys na die haatlike leuens wat versprei word oor die Nasionale Khoi-San Raad (NKR) en die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust, wat geteiken word deur hierdie kwaadwillige veldtogte wat gevoer word.

"Baie van die mense ken die waarheid, maar hulle volg liewer sosiale media.

"Dis tyd dat ons die kaf van die koring skei. Ons kan nie langer in onmin en oneer met mekaar leef nie. Ons moet gedissiplineerd en orderlik wees," het Maarman

"Julle wat vandag hier is, gaan vertel asseblief aan die



PAST. JOHANNES MAARMAN

mense daar buite, wat die leuens oor ons versprei, die regte storie," het past. Maarman gevra.

Hy het verder 'n beroep gedoen dat hierdie twee instansies liewer ondersteun moet word.

"Pleks daarvan om na skinderstories te luister, en dit te glo, kom ondersteun ons liewer.

"Ons kan soveel meer doen as mense ons ondersteun en as die volk dankbaar is vir wat ons doen, want dit sal ons arms omhoog hou.

"Maar nou kniehalter sekere mense en sekere groepe ons," volgens past. Maarman.

Hy het spesifiek gepraat oor sekere boodskappe waar leiers beskuldig word dat hulle geld van die Trust ontvang, of dat hulle die geld steel.

"Ek wil dit weer eens hier beklemtoon: die trustlede "pay" nie. Hulle kry nie gelde nie, die enigste persoon wat 'n salaris ontvang is die Administrateur.

"Daar staan niks in die Trust Akte dat ons salarisse ontvang nie. Net die Khoi-Khoi strukture word bevoordeel en is die benficiaries. Almal wat aan die strukture behoort, trek voordeel, of jy 'n witkop of bleskop is, jonk of oud.

"En weet julle, die R1 miljoen wat die Griekwa en die Nama vandag ontvang, kom van die onderhandelinge en bloedsweet van die "slegte", "vrot" NKR en die Biodiversity Trust," het Maarman gesê.



**SIGNED, SEALED, DELIVERED:** (from left) Nama Elder Gert Links, Past. Johannes Maarman, with Audrey le Fleur (back) and Barend van Wyk, chairman of the Griqua National Council (with Frans Kraalshoek (to the right) signing the documents of the new Griqua structure. PICS: IFN ME-

# Griekwa beloof steun, gebede



BAREND VAN WYK

DEBBIE HENDRIKS

Die kwaadwillige veldtog teen wettige Khoi en San strukture, is sterk veroordeel en gekritiseer deur talle inheemse groepe binne die Khoi en San-herlewing.

Die instansies wat die wind van voor kry met erge leuens wat oor hulle versprei word, is veral die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust en Nasionale Khoi-San Raad.

'n Pleidooi dat hierdie onetiese en onderduimse veltog hok geslaan moet word, is op die hoogste vlakke van die Griekwa inheemse Khoi-Khoi-volk bespreek en die leierskap het 'n besluit oor dié saak geneem.

Dit is die sterk boodskap wat gebring is deur Barend van Wyk, voorsitter van die Griekwa Nasionale Raad, wat gesê het "daar 'n geweldige oproep vir ondersteuning van die Trust-voorsitter is, en ons moet dit nie ligtelik opneem nie".

"Ons as die Griekwa Nasionale Raad, wil hiermee ons algehele ondersteuning en gebede aan die NKR en die Trust gee.

"Ons ondersteun u, u is nie alleen nie – ons is bo op die berg met u," het Van Wyk gesê.

In sy boodskap het Van Wyk uit Romeine 8:29-31 aangehaal:

*"Vir die wat Hy vantevore geken het, het Hy ook vooraf voorberei om soos die beeld van sy Seun te wees, sodat sy Seun die eersgeborene onder baie broers kan wees.*

*"Die wat hy vooraf voorberei het, het hy ook geroep, en die wat hy geroep het, het hy ook onskuldig verklaar, en die wat hy onskuldig verklaar het, het hy ook sy manifeste teenwoordigheid aan gegee."*

*"Wat sal ons van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie is teen ons?"*

Van Wyk het gesê dat baie inheemse mense is volgelinge van Jesus Christus, en is daar 'n geestelike aanslag onder die Griekwa-kontigent, "sodat ons moet verstaan waarheen ons op pad is, want ons is bestem vir groot dinge, al word ons uitgedaag deur duistere magte, wat ons wil dwing om af te dwaal.

"Maar ons moet die fokus plaas op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof.

"Ons is nie hier om te speel nie, ons is geroep om hier te wees.

"Aan die voorsitter van die Trust wil ek bemoedig deur te sê as God vir ons is, wie kan teen ons wees?"

Van Wyk het toe namens die Griekwa Nasionale Raad vir leier Cecil le Fleur en die NKR bedank vir hul deursettingsvermoë en merkwaardige werk vir 30 jaar onder moeilike aanslae en talle uitdagings.

"Vir die 'mushroom" mense wat vandag opstaan en sê dat hulle is Khoisan leiers, hulle weet nie van hoe ver die NKR kom nie," het Van Wyk gesê.

# Meetings with government must have clear outcomes



CECIL LE FLEUR, NKC CHAIRMAN

National Khoi-San Council chairperson Cecil le Fleur addresses various issues in this, his Primary Message for 2025 to the Khoi and San nation of South Africa. He spoke to **ZENZILE KHOISAN,** editor of Inheemse Spoor

It is crucially important that the Khoi and San map out a clearly defined strategy for 2025 and beyond must increase the pressure on the South African government to finish the recognition process and declare to the whole country and the world that it has finally recognised South Africa's Khoi and San peoples.

This will ensure that the leadership of the Khoi and San can be appointed to the National and Provincial Houses of Traditional Leadership and that they can, in turn, set up their own indigenous or traditional councils.

### On the Commission on Khoi-San Matters

Our position on the Commission on Khoi-San Matters (CKSM) is that it must be allowed to conclude its work. In this respect we have to put pressure to ensure that this occurs. We have been negotiating for decades and we are still standing outside statutory recognition and the time has come for Khoi and San people to take up their rightful place.

In this respect government should recognize the name of the houses – the National and provincial house of traditional and Khoi and San leadership as it has become an embarrassment for government to carry on without any recognised Khoi and San leaders in these houses.

### On social and economic development

Social and economic development of the Khoi and San in various spheres is a crucial point and it is unjust that the Khoi and San peoples should be excluded from all the programs that are specifically earmarked for traditional communities. To remedy this is necessary that the economic development of Khoi and San people to take centre stage.

### On the issue of land

Land is a critical issue because without land it will be difficult for Khoi and San people to develop in specific areas such as agriculture.

In this respect this is a priority that must be addressed because all social, economic, traditional and cultural development starts with land.

In order to holistically address this matter, we will have to bring together economists, academics and other strategic players who collectively must find viable, durable and sustainable solutions to the land question.

### On Access and Benefit Sharing agreements in 2025

In respect of Traditional Knowledge and biodiversity the indigenous and traditional knowledge of the Khoi and San has really put South Africa high on the international stage, particularly when it comes to the traditional knowledge associated with plants such as rooibos and boegoe.

The matter of Access and Benefit Sharing agreements associated with the indigenous or traditional knowledge of the Khoi and San people cannot be separated from the recognition of Khoi and San people. In this country, as in the case of rooibos, the Department of the Environment, Fisheries and Forestry as well as corporate industry bodies have recognised that we are the knowledge holders.

However, while there are agreements that have been put in place, we, as the Khoi and San people must take this to another level.

In respect of the levies and royalties which are stipulated in these agreements, that can't just be the end of the story, because, in our view, this is just the first stop.

This means that we should move beyond these agreements to non-monetary benefits that cover the entire value chain, which will ensure we are represented across the board, where we get jobs and are integrated properly in the entire span of the business sphere.

This will mean a clear departure from the Black Economic Empowerment, which, as it is currently constituted, does not benefit Khoi and San people.

*"The issue of division and negativity among some people who are claiming many things without substance – we must firmly state that these kinds of actions bring us no dividends and, in fact, have had the effect of threatening to set our work and what had been accomplished back many years.*

As a whole our people should be fully included in BEE and we should be owners and players throughout all these industries.

At a broader level many of the issues related to biodiversity, traditional knowledge and Access and Benefit Sharing will be discussed in the early part of this year at a meeting in Dakar, Senegal to which I have been invited.

### On unity of Khoi and San structures within the resurgence

The ultimate success of our struggle can only be achieved if we close ranks and unite our people.

The issue of division and negativity among some people who are claiming many things without substance – we must firmly state that these kinds of actions bring us no dividends and, in fact, have had the effect of threatening to set our work and what had been accomplished back many years.

It must be stated, in this same vein, that to disgrace and to denigrate each other in public platforms undermines our cause to restore our people and what is particularly disturbing is that these attacks are driven by those who seek positions or who want to position themselves as leaders.

What we need to realise is that it is not only us who divide ourselves but that there are other we seek to weaken us by using people in our own ranks and we should definitely be vigilant and guard against these tendencies.

My plea for 2025 is that we recognise the structures that have faithfully worked in the interests of our people to secure our recognition, that we discuss that relevance and necessity of various institutions and that we work in focused and orderly manner to transform the current governance of the Khoi and San peoples.

### On perceptions of political interference in the Khoi and San resurgence

We call on the South African government to make sure that politicians don't use the struggle of the Khoi and San people for their own purposes, for political gain, using it as a tool to divide the Khoi and San peoples.

In this respect it is our very clear position that we, as the National Khoi-San Council (NKC) have been there, from our very inception, to fight for the statutory recognition of our people and we are calling on the South African government to come out clearly and state unequivocally what is its position on the NKC.

In this regard government must come make it clear that it recognises the National Khoi-San Council as it was created by the first democratic leader of the republic, the late president Nelson Mandela.

### On public meetings and engagements between government and the Khoi-San

We want to caution government and the relevant ministries dealing with matters related to recognition and restoration of Khoi and San people which were very counter-productive and disruptive.

We want to caution government and the relevant ministries that we are resolute in what we have been fighting for all these many decades so we are saying that we need well organised and productive meetings where our people can properly voice their concerns perspectives and where these concerned can be properly engaged and addressed.

These meetings with the South African government must have clear outcomes and what emerges from these meetings must be integrated into all sphere of planning and implementation of the process for statutory recognition and restoration of our people.

# Is Kommissie oor Khoi-San sake gedoem om te misluk?

*Sedert sy ontstaan is die Kommissie oor Khoi-San sake onder geweldige druk om aansoeke vir die erkenning van Khoi en San leierskap af te handel. Prof Nico  Botha voorsitter **(foto regs)**, deel sy kwelpunte hieroor met **DEBBIE HENDRIKS***



**DEBBIE HENDRIKS: Wat was die siening van die Kommissie oor Khoi-San Sake oor die Grondwetlike hof se uitspraak dat die Tradisionele Khoi-San Wetsontwerp (Wet 3 van 2019) terug na die Nasionale Vergadering gestuur moet word vir hersiening en aanpassings?**

**NICO ADAM BOTHA:** Terugkykend sou dit dalk sinvol gewees het om voordat die Kommissie begin werk het, eers indringende werkswinkels oor die Wet te hê. Namate die aansoeke vir erkenning na 30 Maart 2022 ingekom het en die Kommissie verplig was om noukeuriger na die Wet te kyk, het die besef ontstaan dat die Wet 'n hele aantal tekortkominge het.

Toe die Grondwetlike hof in April 2023 die Wet as ongrondwetlik en daarom as ongeldig verklaar, was die Kommissie nie al te verbaas nie.

En hoewel die Kommissie nie as 'n respondent in die saak geïdentifiseer is nie, wou ons graag 'n beëdigde verklaring by die Gronwetlike hof indien omdat ons besef het dat enige uitspraak implikasies sou inhou vir die Kommissie.

Ons het egter herhaaldelik tevergeefs probeer om inligting van die Departement van Tradisionele Sake te bekom of ten minste toegang tot die regspan van die Departement  te verkry.

Dit was slegs 'n jaar voor die algemene verkiesing en die Kommissie het geweet dat die hersiening van die Wet nie een van die prioriteite van die nasionale vergadering sou wees nie, omdat die fokus van die politici op die verkiesing was en niks anders nie.

Daarom verbaas dit die Kommissie ook nie dat die aspekte van die Wet, wat na die Khoi en San verwys, insluitende die mandaat van die Kommissie, onveranderd gebly het nie.

**DH: Watter impak het die uitspraak van die Grondwetlike hof gehad op die werk van die Kommissie?**

**NAB:** Omdat die uitspraak van die Grondwetlike hof aansienlike verwarring onder die Khoi en San veroorsaak het, is heelwat van die tyd van die Kommissie in beslag geneem deur talle navrae van aansoekers en voorgenome aansoekers.

Dit het 'n vertraging in die werk van die Kommissie veroorsaak, want eerder as om te fokus op die uitvoering van ons mandaat, moes ons probeer om kalmte te bewerkstellig deur te verduidelik dat die uitspraak van die Grondwetlike hof vir twee jaar opgeskort is en dat die Kommissie met die werk voort kan gaan.

**DH: Die Kommissie was gelas om met Khoi en San-leiers dwarsoor die land te raadpleeg. Hoe evalueer u die raadgewende proses?**

**NAB:** Hierdie is 'n baie belangrike vraag. Daar sal onthou word dat die Kommissie in 2022 reeds per provinsie bewusmakingsveldtogte geloods het.

Ons kon slegs in een "sentrale" plek per provinsie so 'n veldtog hou.

Die Kommissie kan egter bewys dat daar in die laaste kwartaal van 2021 'n uitgebreide bewusmakingsprogram opgestel is wat ons tot aan die verste uithoeke van die land sou neem.

Dit het egter baie gou geblyk dat die bronne en middele om so 'n uitgebreide bewusmakingsprogram van stapel te stuur, ontbreek. Hier word verwys na menslike hulpbronne – terloops daar is in totaal slegs vier kommissarisse aangestel, drie voltyds en een deeltyds, terwyl die Wet vir sewe voorsiening maak.

Daarby kom ook nog dat ons Sekretariaat oor totaal onvoldoende kapasiteit beskik. Die Kommissie het aan die einde van 2021 al wetenskaplik uitgewerk dat die Sekretariaat uit sowat agtien tot twintig personeellede sal moet bestaan vir die Kommissie om sy mandaat behoorlik uit te voer.

Een van die dinge wat ons tot nou toe nie uit die Departement kon kry nie is of daar ooit vooraf met projeksies 'n impakstudie onderneem is om te bepaal hoeveel menslike hulpbronne en geld benodig sou word om te kan lewer op die mandaat van die Kommissie.

Die Kommissie hoop wel om met die ondersoeke ter plaatse landwyd Khoi en San-gemeenskappe te bereik ten einde hulle strukture te ondersoek, inligting in te win van verskillende instansies en uiteindelik publieke verhore te hou.

**DH: Hoe effektief was die kommunikasie kanale tussen die Kommissie en ander belangrike staatsdepartemente, asook die Presidensie, Provinsiale Premiers en ander staatsinstellings?**

**NAB:** Tot nou toe het die Kommissie nie daarin geslaag om ten spyte van verskeie pogings met enige van die drie ministers sedert 2021 'n ontmoeting te kry nie. Sedert die totstandkoming van die sogenaamde sewende administrasie in die vorm van 'n Regering van Nasionale Eenheid het die Kommissie tevergeefs 'n vergadering met die nuwe minister probeer kry.

Die Kommissie het met die voormalige Adjunk-minister, mnr. Obed Bapela en die huidige Adjunk-minister, Prins Zolile Burns Ncamashe, kontak gehad. Laasgenoemde het selfs by die navorsings-simposium van die Kommissie in Maart 2024 opgetree.

Al verloop die kommunikasie nie na wense nie, is die Kommissie bereid om die hand in eie boesem te steek en te kyk of daar nie iets is wat ons kan doen om die skakeling te verbeter nie.

Daar word tans ook sterk gedink aan die moontlikheid om kontak met die kantoor van die Adjunk-President, die Portefeuljekomitee en uiteindelik selfs die kantoor van die Staatspresident te bewerkstellig.

Ons praat aanhoudend  oor die geweldige suggestiewe historiese moment met verwysing na die statutêre erkenning van die Khoi en San, maar sonder behoorlike politieke betrokkenheid en intervensie sal daar weinig van kom.

**DH: Voel u dat die wetgewende raamwerk vir erkenning het genoegsaam die kompleksiteit van die afbreking van Khoi en San gemeenskappe en leierskaps-instellings deur die koloniale en apartheidsmagte in aanmerking geneem? En indien wel, watter versagtende maatreëls was tot die beskikking van die Kommissie om hierdie probleme aan te spreek?**

**NAB:** Die grootste enkele gebrek van die Wet is dat die historiese situasie wat in die vraag opgevat word, heeltemal onvoldoende is of glad nie in aanmerking geneem is met die skrywe van die Wet nie.

Inderdaad, die manier waarop die voorsate van diegene wat tans hoop op 'n uiters beperkte vorm van erkenning, slagoffers was van berowing, slawerny en menseslagting, word helaas nie in die Wet in ag geneem nie. In die Kommissie vind daar diepgaande gesprekke hieroor plaas, maar die Kommissie word steeds gemuilband deur die uiters beperkte aard van enige nadenke oor die uiters komplekse historiese situasie van die Khoi en San en die streng maatstawe waaraan aansoekers moet voldoen.

**DH: Kan u lig werp op hoeveel aansoeke vir erkenning ontvang en verwerk is deur die Kommissie. Hoeveel van die aansoeke is volstrek geweier? Hoeveel is aanbeveel vir goedkeuring en hoeveel is terug verwys na die aansoekers vir meer inligting?**

**NAB:** Hierdie is op die oog af  'n eenvoudige vraag, of liewer bedrieglik eenvoudig. Pleks daarvan dat daar afsonderlike aansoekvorms vir die verskillende vlakke van erkenning, naamlik gemeenskappe, takke, tak-hoofde en senior Khoi-San-leiers beskikbaar gestel word, is daar een gekonsolideerde aansoekvorm waarop tegelykertyd vir alle kategorieë aansoek gedoen word.

Mens sou enkele aansoeke kon neem en dalk agterkom dat een en dieselfde aansoek tussen 15 en 20 aansoeke vir die erkenning van takke bevat en daarom 'n gelyke aantal aansoeke vir die erkenning van takhoofde.

'n Lid van ons Sekretariaat wat daagliks met die vaslegging van data werk, stel die aantal aansoeke op 250 indien die komplekse aard van die aansoekvorm in aanmerking geneem word.

Ontledingsverslae van die kommissarisse word tydens 'n vergadering voorgelê, bespreek en goedgekeur.

Vanweë die komplekse en strenge aard van die maatstawe waaraan aansoekers moet voldoen, het die Kommissie nog nie 'n enkele aansoek ontvang wat volledig voldoen aan die vereistes van die Wet nie.

Die doelbewuste en regverdige besluit van die Kommissie is egter om nie aanbevelings aan die minister voor te lê op grond van onvolledige aansoeke wat tot gevolg mag hê dat erkenning nie verleen word nie.

Maar juis hierdie besluit van die Kommissie lei tot ernstige vertragings in die aansoek en erkenningsproses, omdat aansoekers òf baie lank neem om hulle aansoeke op te dateer en in lyn met die Wet bring òf hulle reageer glad nie.

Die Kommissie is egter nou besig om 'n uiters kreatiewe ondersoeksproses te ontwikkel wat aansienlik behoort te help om uitstaande inligting van aansoekers te verktry en spoedig alle aanbevelings aan die minister af te handel.

**DH: Dit is meer as 30 jaar sedert demokrasie, maar tot nou toe het die land nog nie die identiteit of leierskap erken van diegene wat hulle die reg toeeien om as Khoi of San afstammelinge te identifiseer nie. Hoe reflekteer dit die werk van die Kommissie wat moet sorg dat hierdie erkenning plaasvind?**

**NAB:** As daar ooit sprake was van 'n lakmoestoets vir SA as 'n grondwetlike demokrasie, dan is dit nou met verwysing na die erkenning van die identiteit en die leierskap van diegene wat as Khoi en San self-identifiseer.

Ons demokrasie sal steeds ernstig onder verdenking staan en bevraagteken word tensy die nasionale kwessie op 'n beslissende wyse opgelos word.

Daarmee word bedoel dat die gewaande eenheid van Suid-Afrikaners en die aanspraak op 'n grondwet wat wêreldwyd een van die bestes is, ongeloofwaardig sal bly indien die Khoi en San nie op gelyke basis voordeel trek uit die bronne van hierdie ryk land en in staat gestel word om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel as mense nie.

Die werk van die Kommissie is om die erkenningsproses so te hanteer dat dit op 'n klinkklare manier duidelik word hoeseer ons samelewing grondig verander het met die erkenning van Khoi en San-gemeenskappe en leiers.

# ‘My year as Administrator challenging, but also stimulating’





CHARLIE JOSEPHS

*It has been one year since **CHARLIE JOSEPHS** was appointed to the position of Administrative Executive of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust. In this exit interview Inheemse Spoor asked him to review what occurred during his tenure.*

**INHEEMSE SPOOR: What were your initial expectations about the KPRBT and its vision and mission at the time you first applied for the position. What has broadly been your experience since you were appointed to this period now when the KPRBT has advertised the position and you have to prepare for succession?**

***CHARLIE JOSEPHS:*** *My expectation was that I must be able to work with a wide spectrum of stakeholders, to ensure the successful benefit distribution to all beneficiary communities. This is not the first community Trust that I worked for. My experience working with communities and engaging stakeholders came in handy to take the KPRBT to the next level – from planning to implementation.*

**IS: What were the primary issues and challenges that you had to identify and deal with during the period of your tenure?**

***CJ:*** *The first priority was to ensure statutory and financial compliance as the Trustees did not set up an office, but only engaged in negotiations and held meetings mapping out the roll-out of the vision and mission of the Biodiversity Trust.*

*There were no files or systems in place to start with and it was my responsibility to sort out all the administration of the Trust – opening of files, filing, sorting out financial records, drafting resolutions and appoint an accountant, as stipulated by the Trust Deed to conduct audited statements for the preceding years.*

*One of the challenges was to function from my own office because the Trust had no office at the time of appointment – and then it was to convene trustee meetings where I had to balance the purpose and importance of the meeting, while at the same time considering the budget and expenditure control.*

**IS: How would you describe your experience of interacting with and engaging the leadership, structures and communities that fall within the ambit of the KPRBT?**

***CJ:*** *Working with a diverse team of leaders – with different skills and abilities – was challenging but also stimulating. They are first and foremost leaders in their own right, and leaders in communities and organisations before they are Trustees. In the decision-making process they need to remind themselves that they represent all the beneficiaries and not only their respective groups such as the Namas, Griquas, Cape Khoi, Korana or Cederberg Farming Communities.*

*The Trustees are highly committed and despite enduring criticism and disrespect they have executed their responsibilities to the best of their abilities with limited or no critical resources available to them such as offices, staff, computers and other essential tools of the trade.*

*I spent more time setting up systems and organising the office and administration, than engaging with the different communities. The real engagement only started after 2 November 2024, when the first community, the Cederberg Farming Communities, consisting of Nieuwoudtville and Wupperthal and their surrounding areas, received their percentage of the benefit-sharing funds.*

*However, with my limited engagements with some of the beneficiaries, I realised that with the limited funds and the enormous needs in our communities, the Trust should explore all avenues and engage other stakeholders to assist in meeting the demand for financial assistance, including government grants, private sector and Community Social Investment funds.*

**IS: What were the major issues that emerged during this process of engaging the beneficiary communities?**

***CJ:*** *Budget and mobility constraints are some of the primary issues that arise because the beneficiaries are located in all nine Provinces and one needs to visit the different projects and assist them on site. The beneficiaries need assistance in drafting bankable business plans to source grant funding for their projects – some do not have the skills or experience to do that.*

*Then, because of a lack of information, some communities can hold the view that the Trust has a lot of money and this can be because of disinformation, the perception of inadequate Trust communication or lack of feedback to communities.*

**IS: How would you assess the process through which the Bio-Cultural Protocol (which guides the Access and Benefit Sharing process) was utilised as an implementation instrument through which beneficiary communities created legal entities for receiving, processing and deciding on applications for funding flowing from the Access and Benefit Sharing agreements?**

***CJ:*** *The process can from time to time require change and we should not be rigid in our approach. Communities that are properly organised can from time to time be allowed to engage the Protocol document to make changes if needed.*

*The goal should always be for the benefit of the community and to improve their circumstances, well-being and livelihoods.*

**IS: How was this process rolled out in the Cederberg Belt Rooibos growing communities?**

***CJ:*** *The two communities had a conference where they registered a legal entity, the Cederberg Indigenous Peoples Association (CIPA), elected their Board of Trustees, adopted a constitution, and opened a bank account to receive the funding.*

*The second phase was to register two separate legal entities for the two different communities, Nieuwoudtville and Wupperthal, to receive and approve the applications on a local level.*

*The communities have identified their priorities and have communicated with their beneficiaries on the process of application – the Wupperthal communities also proposed a percentage per focus area to ensure that they assist as many as possible of the beneficiary projects with the limited budget.*

*The Cederberg Farming Community also planned to appoint administrative staff to assist the Board of Trustees with managing the applications and to ensure that they are in financially compliant, in order to account for monies allocated by the Biodiversity Trust.*

**IS: The four main Khoi-Khoi groups are the Nama, Griqua, Cape Khoi and Korana?**

***CJ:*** *The Trust has allocated funds from the National Khoi-San Council budget to ensure that the main groups hold consultative conferences to organise themselves in a legal entity and adopt a constitution.*

*The Namas and Griquas have successfully conducted their conferences and have elected their leaders to manage their respective legal entities. These legal bodies will ensure that funds that are allocated to the different communities will be managed and accounted for.*

*The Cape Khoi and Korana processes still have to be finalised and details related to these groups will be made public when this has been concluded.*

**IS: What were the primary lessons learned from your year-long tenure as Administrative Executive?**

***CJ:*** *The major lessons that can be drawn from this experience is that one year is too short to address the challenges and needs of our communities.*

*Then there are the other lessons which is that the office should be fully equipped and managed to ensure compliance and financial accountability.*

*The other significant lesson drawn from my tenure as Administrative Executive is that Trustees should ensure that the vision and mission of the Trust is achieved and allow the administrator to manage the administration of the Trust, notably that each one should understand their roles and responsibilities.*

**IS: What preparations have been made for the KPRBT to assume its role in a monitoring and evaluation capacity?**

***CJ:*** *The approved policies of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust will assist the new Administrator and Trustees to monitor and evaluate the projects. The newly elected Trustees of the Beneficiary groups should also be workshopped and trained on the different policies and how to monitor progress of all projects.*

**IS: How will you be involved with the KPRBT during the transition phase and what will be your role in relation to the KPRBT going forward?**

**CJ:** *The Trust considered offering me a contract as a consultant to train the new Administrator and to transfer skills on project management where needed. The role of the Consultant will also be to help establish offices within the different beneficiary groupings and to train the administration staff.*

*I would also like to assist individual beneficiaries or groups with business plans as a consultant to secure grant funding from different government departments because I firmly believe in economic self-sustainable businesses for our people.*

# Let us celebrate rich heritage and bonds that unite

## Hou moed en moenie vrees nie


KAPELAAN REGGIE BOESAK

**Skriflesing: Deut. 31: 6-8**

Ons het so pas aan ieder en elk 'n voorspoedige en geseënde 2025 toegewens.

Ek vertrou dat ons dit in alle opregtheid bedoel het, en glo dat hierdie wense vervul en bewaarheid sal word.

Maar niemand op aarde weet wat môre en oormôre op ons wag nie. Die weg van 2025 is aan ons onbekend en dit maak ons as KhoiSan-volk van God bevrees, want daar word daagliks berigte uitgesaai van oorloë, moord en doodslag en selfs van teenstand in ons eie geledere.

Wanneer ons hierdie dinge sien en beleef en ondervind sê die Here onse God en Vader volgens Deut. 31: 6: "Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, want die Here julle God gaan saam met julle".

My Khoisan broers en susters my boodskap is:

- **Hou Moed**

Om moedeloos te wees beteken ons glo nie aan die almag van die lewende God nie. Ons twyfel of Hy in staat is om ons te bewaar en hierdie jaar deur te dra.

In Lukas 17: 6 se Jesus aan Sy dissipels: "As julle maar geloof so groot soos 'n mostertsaad gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou uit die grond en plant jouself in die see, en hy sou julle gehoorsaam.'

Dus, julle sal die onmoontlike werklikheid kan maak.

- **Wees Dapper; moenie vrees nie**

Wees onverskrokke!! Hoe kan ons onbevrees deur hierdie jaar beweeg? Deut. 31: 6 sê: "Want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie."

Ons kies so graag ons eie weg, en wil uit eie wysheid self voorloop tot ons eie skade, terwyl God belowe: "Ek wil jou onderrig en jou leer die weg wat jy moet gaan."

Ons moet niks hierdie jaar meer begeer as dat Hy, ons onfeilbare Gids, ons gedurig sal lei nie.

- **God se Belofte aan die KhoiSan**

Deut. 31:7: "Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom gesê, waar die hele Israel kon hoor: "Wees sterk, wees dapper! Jy gaan saam met die volk in die land wat die Here God met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee.

"Jy moet hulle in besit laat neem. Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie."

Omdat ons die eerste inheemse volk van hierdie land is, en deur God self hier geplaas is as eienaars van hierdie land, is dit ons heilige erfenis.

Ons gaan dit sekerlik in besit neem, in die Naam van Jesus Christus, ons Leidsman, en die onderhouer van Sy beloftes.

U moet dit glo met u hele hart, verstand, siel en gees.

U hoef niemand te vrees nie. Gaan dan heen en verkondig met opregte en diepe oortuiging dat hierdie land aan ons behoort. Werk met geloof in u harte, onbevrees en met goddelike ywer, sodat ons hierdie land in besit sal neem.

Ons Koning, God is in beheer. Hy is 'n regverdige God en sal ons nooit in die steek laat nie. Amen!

God seën Sy volk. Groete in Jesus Naam.

***Eerw. Reggie Boesak***
***Kapelaan KhoiSan-Herlewing***

## Advocate for rights, preserve traditions


KAPTYN ANDREW KRAALSHOEK

As we look towards the New Year, let us continue to stand united – advocating for our rights, preserving our traditions, and creating a better future for the generations to come.

The New Year is a time of reflection, renewal, and hope – a time to celebrate our rich heritage and the bonds that unite us as a community.

Wishing all a prosperous New Year filled with hope and endless possibilities.

Last year, we have faced challenges, yet, together, we have shown resilience and strength.

Let us remember those who may be struggling or suffering during this time, and extend our hands and hearts to support one another.

Let us cherish our connections, embrace kindness, and foster love within our communities.


My hope is that the past festive season have brought you and your families peace, joy, and an abundance of blessings.

Let us honor our ancestors and carry forward the values they instilled in us, celebrating our identity and culture with pride.

With warmth and blessings.

***Kapt. Andrew Kraalshoek***
***Griqua Nation Leader***

## Together we are stronger


CHIEF CHARLES DANIELS

As we celebrate the New year, let us remember the power of community and the beauty of our cultural legacy.

Together, we are stronger, and together, we will continue to inspire future generations.

Wishing you love, warmth, and happiness. May this New Year bring peace, joy, and unity to you and your families.

Let us continue to honor our rich traditions, strength, and resilience as we look forward to a brighter and more prosperous future.

Stay strong, proud, and know that your heritage is a gift to the world.

***Chief Charles Daniels***
***Cauaqua Cultural House***

## Never give up, and take small steps forward

Wishing all indigenous descendants of our country a successful and prosperous year, where our restoration will begin to take hold.

In this spirit of reclaiming who we are and taking our right full position in our country, we should celebrate the small breakthroughs and minor steps taken in the right direction towards full recognition as stewards of the land and all natural resources.

During the apartheid era the Khoi and San Indigenous peoples were as good as buried under the false identity of "so-called coloured", as if there was no tangible evidence that we, the descendants of our Khoi and San ancestors, are still very much alive.


PRINCESS CHANTAL REVELL

During this era of democracy, we had to crawl out of that deep pit of political systems and misconceptions, marginalisation, exclusion and disadvantages to assert our agency and our right to recognition and restoration.

Today the Khoi and San issue is a very pertinent issue in every sphere of South African life.

My message is to inspire you all to never give up, to always take small steps forward and remain true to self.

I thank our National Khoi and San Chairperson, Mr Cecil le Fleur for unwavering leadership the past 40 years and in leading the fight for constitutional recognition.

Thank you to our pioneer NKC leadership who are all Elders today and our luminaries who have passed.

This same commitment is also reflected in the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust Chairperson, Pastor Johannes Maarman.

As also, to the entire Trust Board members who under very difficult circumstances pressed forward to ensure our communities receive much needed financial assistance to work towards self-sustainable projects.

***Princess Chantal Revell,***
***secretary KPRBT***



# Rooibos Trustlede besoek Riverlands











## 'Khoi en San geweldig trots op Erfenis-sentrum'

Dit is nie net julle as die Gorinhaiqua-stam wat trots is op wat hier by Riverlands in die Kaap vermag is nie, maar al die Khoi en San mense van die land kan vandag met trots kyk na seker die eerste oorwinning van sy soort wat ons hier in die land gekry het.

As ons kyk na waar die area gelee is, sou mens net kon droom so 20 jaar gelede dat ons ooit bevoorreg kon wees om te kan sê dat hier 'n uitstalling is van Sara Baartman van prof. Jatti Bredekamp en van al die groot geeste wat hier buite op die muur is, asook al die historiese diere en simbole. Ons is opreg trots op wat julle hier vermag het. Welgedaan.

**Johannes Maarman** se reaksie was: "Toe ons so 'n jaar gelede hier na die plek kom kyk het, was hier niks, en kyk nou, ons eie erfenis-sentrum wat so pragtig uiteengesit is en waarop ons met reg trots kan wees."

'n Aangedane **Barend Salamo** se reaksie was: "Chief Zenzile, ek raak sommer oorval met emosie. Dit het nog altyd onwerklik gevoel dat daar regtig iets hier sou oprys, maar nou het ek dit met my eie oë gesien!"





PHOTO'S: IFN MEDIA












Mixing Studio & Recording Room


















**BUSY HANDS:** KhoiSan groups around the country is finding ways to be economically independent. Garment-making initiatives, that include bags and T-shirts, as well as school shoes are being manufactured by die Cauagau Indigenous Group under the leadership of Princess Chantal Revell.

# Proudly KhoiSan Products!

The Cauaqua Indigenous Project was launched with the aim of supporting economic and cultural development in three key areas: Knoflokskraal, Retreat/ Lavender Hill, and Bonteheuwel. Each area has initiated unique projects tailored to their community's needs, focusing on skills development, cultural preservation, and economic empowerment.

In the Retreat/Lavender Hill area, the garment-making project is coordinated by Chief Charles Daniels. The garment-making initiative focuses on sewing and producing indigenous clothing and accessories.

In Knoflokskraal guest house upgrading project is coordinated by Chief Paula. The guest house is undergoing significant upgrades to attract tourism, create jobs, and stimulate economic development.

Materials have been procured, and construction has begun to add two additional rooms and a small hall. The rainy weather and challenging mountain slope location have slowed progress, but the project is on track to complete these additions.

The hall will serve a dual purpose, hosting guests and functioning as a skills training center. The Bonteheuwel shoemaking project is coordinated by Chief Johanna.

The project aims to address the demand for locally made footwear while providing skills training and economic opportunities.

Initial production has begun using borrowed equipment through an agreement with an external provider.

A skills training program is being developed to teach shoemaking to community members, with a particular focus on youth. This initiative aims to address the shortage of skilled artisans in this craft.

# Khoi-Khoi arising with new hope, tenacity

Many of the projects currently underway, have been initiated because of resources flowing from and administered by the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust (KPRBT), which is anchored in the traditional knowledge of our ancestors.

This was said by Princess Chantal Revell, secretary of the KPRBT, in Eerste River, in one of the information sessions with the Khoi-Khoi groupings.

"We are beneficiaries within the Khoi-Khoi communities, because we are descendants of our forebears, who were the First Indigenous people of this country.

"We have survived great turmoil in our country for centuries, yet we arise with new hope and tenacity inherited from our ancestors like Krotoa, Sara Baartman, Doman, Dawid Stuurman and many others."

Revell said that the Khoi bloodline has undeniable strength flowing through their veins that no Colonialist could succeed to wipe out. "Yes, we are the foundation Nation of South Africa, the cradle of humanity to the entire world and therefore my hope will not be deferred nor turn into utterly despair.

"We have been traumatised and stigmatised for so long, that many believe we as a people will stay the victims. I beg to differ, the breakthrough in our fight to be acknowledged as the Knowledge holders of the Rooibos plant as well as so many other Indigenous plant species such as the Honey Bush and Aloe, was a first across the world.

Revell said companies like Nestle produced products for over a century, based on the Indigenous Knowledge systems of the Khoi and San, without any compensation to the Khoi and San.

"There was a notion that the Khoi and San are extinct, but we proved them wrong. It was not an easy ride, many researches were called in, as well as the government, who conducted their own research, to prove the notion that all Khoi and San are extinct, wrong.

We produced a legal document, the Biocultural Community Protocol that explained the processes step by step. We have reached, amidst major challenges, the point of paying the funds to our Khoi Khoi Indigenous and Farming communities with great joy.



**INFORMATION SESSION:** Members of Khoi groups came to listen to an information session with Chantal Revel (front, second from right) in Eerste River about the Rooibos Benefit and Sharing funds available to Khoi and San.











## Griekwa-leiers vorm nuwe Raad

Die leierskap van die Griekwa Nasionale Raad is **Bo links:** Adam Kok V (Adam Kok V Koninklike Huis); J.J. Waterboer (Waterboer Koninklike Huis), Andrew A.S. le Fleur (Griekwa Nasionale Konferensie) J. Peters (Kok familie) en Andrew Kraalshoek (Vrystaat Griekwas). **Onder links:** Ettiene Badenhorst (Barendse Griekwas); Roderick Williams (Griekwa Nasionale Konferensie), Aaron Messelaar (Griekwa Koninklike huis, en Gabriel Marais (Oos-Griekwaland Griekwa-raad).



**GRIEKWA EENHEID:** Leiers en afgevaardigdes van verskillende Griekwa-stukture het by die Gariep Dam in die Noord-Kaap byeengekom om 'n verteenwooridge liggam te stig, naamlik die Griekwa Nasionale Raad te stig, wat die algehele Griekwa-volk sal verteenwoordig.

# Griekwa-volk in een liggaam verenig

BAREND C. VAN WYK

Die Griekwa Nasionale Raad is amptelik gestig op 16 November 2024 tydens 'n vergadering by die Gariep Dam, waar leierskap van dwarsoor die land byeengekom om die huidige stand van sake te bespreek en 'n nasionale raad te stig, wat opreg in die belange van die Griekwa Khoi-Khoi volk sal werk.

Die samestelling en daarstelling van die Griekwa Nasionale Raad is 'n mylpaal in die geskiedenis van die Griekwa-volk in Suid-Afrika.

Die feit dat die konferensie geskoei was op die historiese aspekte en feite van die Nasionale Griekwa Forum, wat in 1996 saamgestel was, maak hierdie mylpaal baie meer merkwaardig en 'n belangrike geskiedkundige aangeleentheid.

Verder gee dit ook erkenning aan die historiese samestelling van die Griekwas soos daargestel in 1996 na die ontmoeting en vergadering met die Ministers van Staatkundige Ontwikkeling, asook die eerste demokratiese President van Suid-Afrika, wyle President Nelson R. Mandela.

Hoewel die Khoi en San se stryd hedendaags gekenmerk word deur intense oplewing en geweldige aansprake van leierskap en titels – onder andere konings en prinse – is dit merkwaardig dat die historiese Griekwa-groepe hulle weg oop gesien het om hulle historiese kulturele erfenis te beskerm en te bevorder.

Hierdie byeenkoms volg na die vergadering van die Griekwa Nasionale Eenheidsforum, wat gehou was op Beaufort-Wes op 19 Augustus 2023, waar 'n resolusie aanvaar is dat die Griekwat Nasionale Eernheidsforum 'n organiese evolusie ondergaan om homself vir die toekoms in te rig en na 'n raad moet oorskakel ten einde meer effektief te handel met die uitdagings van die toekoms.

Die besluit is ook geneem in die lig van die snel veranderende omstandighede waarin die Griekwa homself tans bevind.

Dit is veral die verwikkelinge met betrekking tot die verdeling van fondse uit die Rooibos ooreenkoms (biodiversiteitsooreenkoms) wat die besluit beïnvloed het.

Volgens die "wagon wheel" konsep, sal betalings slegs aan bepaalde komponente gemaak word wat deel van die "wagon wheel" uitmaak en nie aan individue of groepe nie.

Ten einde dit moontlik te maak dat die Griekwa komponent vir sy regmatige deel kan aansoek doen, moet daar dus 'n verteenwoordigende liggaam geskep word wat die algehele Griekwavolk verteenwoordig.

Dit is daarom noodsaaklik dat daar so wyd as moontlik kennis gegee word aan alle Griekwa-groepe om deel te word van so 'n verteenwoordigende liggaam sodat elke groep toegang tot die fondse kan bekom.

Verskillende groepe wat deel is van die Griekwa Nasionale Raad sal by die die Griekwa Trust kan aansoek doen vir fondse om aan te wend vir bepaalde projekte.

Indien die fondse toegestaan word, sal verdere oorsig deur die trust uitgevoer word ten einde wanbestuur te voorkom.



**Dagbestuur van die Griekwa Nasionale Raad:** (Agter van links) Past. A. September (Adam Kok V Griekwas), Aaron Messelaar (Tesourier), Frans Kraalshoek (Sekretaris), Audrey le Fleur-Wilson (onder-sekr.), Gabriel Marais, William Stanley Peterson (onder-voorsitter), Roderick Williams, Ettiene Badenhorst en Past. Jonathan Peters. Voor is Barend C. van Wyk (voorsitter).

PO Box 9638
BLOEMFONTEIN
9300

(+27)67 817 9337

Khoikhoibiodiversity@gmail.com

Reg. No: IT001858/2019/(C)

## Vacancy (Part time)

# ADMINISTRATIVE EXECUTIVE

This is a part time position for a Chief Administrative Executive who will work under direction of the board of Trustees of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust in ensuring that the objectives for which the Trust was created are implemented. This position is based in Cape Town. The Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust was established to ensure access and benefit sharing for peoples historically connected to Rooibos and other endemic South African plants, in the Cederberg Belt district, and other Communities associated with the Griqua, Nama, Korana and Cape Khoi have been identified as beneficiaries.

**The ideal candidate for the administrative executive position shall:**

- Possess an appropriate Degree in Public Administration, Finance or Project management from a reputable institution of higher learning
- Must not be directly associated with any Khoi structure or the National Khoi and San Council but must be significantly acquainted with Khoi customs, culture and history, specifically as it is relates to the Griqua, Korana, Nama and Cape Khoi structures
- Be able to work respectfully with a wide spectrum of stake-holders, including historically endorsed cultural leadership, organic knowledge holders and professionals in government, academic institutions and the private sector
- Because the primary communities served by the Trust are Afrikaans speaking, the candidate should ideally be competent in Afrikaans
- For transparency and accountability the candidate must be well versed in the spirit and letter of the Public Finance Management Act
- Work with the indigenous Trust leadership in its campaigns to empower, restore and restitute Khoi communities and descendants.

**Please submit a CV and short cover letter to Chantal Revell and Johannes Maarman by email to: khoikhoibiodiversity@gmail.com**
**Closing date for applications is 21 February 2025**

**The Trust reserves the right to appoint, or not to appoint any applicant for the position**

## Vakature (Deeltyds)

# ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Hierdie is 'n deeltydse pos vir 'n Hoof-uitvoerende administratiewe beampte wat onder die direksie van die Raad van Trustees van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust die Trust sal bystaan om te verseker dat die doelwitte waarvoor die Trust geskep is, ingestel word. Hierdie vakature bestaan slegs in Kaapstad.

Die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust is gestig om te verseker dat mense wat histories aan Rooibos en ander endemiese Suid-Afrikaanse plantegroei verbind is, in die Cederberg-Strook Distrik, en ander Gemeenskappe toegang en voordeel-verdeling ontvang. Veral gemeenskappe wat geassosieer word met die Griekwa, Nama, Korana en Kaapse Khoi, wat geïdentifiseer is as begunstigdes.

**Voornemende kandidate vir die pos van Administratiewe beampte moet:**

- In besit wees van 'n gepaste Graad in Openbare Administrasie, Finansies of Projek-bestuur van 'n betroubare hoër onderwys-instelling
- Moet nie direk gekoppel wees aan die Nasionale Khoi en San Raad of enige ander Khoi-struktuur nie, maar moet oor uitgebreide kennis besit van Khoi kultuur, geskiedenis en gebruike, veral wat die Griekwa, Korana, Nama en Kaapse Khoi strukture betref
- In staat wees om respekvol met mense op verskillende vlakke te werk, veral histories bekragtige leierskap; organiese kennishouers, en professionele mense in die regering, akademiese instellings, en private sektor.
- Verkieslik vaardig wees in Afrikaans, omdat die primêre gemeenskappe wat deur die Trust gedien word, Afrikaanssprekend is
- Goed vertroud wees met die letter en gees van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur
- Saamwerk met die inheemse leierskap van die Trust in die veldtogte om die Khoi-gemeenskappe en hul afstammelinge te bemagtig, te herstel en restitusie te bring.

**Stuur asseblief 'n kort dekbrief, asook CV aan Chantal Revell en Johannes Maarman per epos: khoikhoibiodiversity@gmail.com**
**Sluitingsdatum vir aansoeke is 21 Februarie 2025**

**Die Trust behou die reg voor om hierdie posisie te vul, of nie te vul nie.**

# NKC & TRUST CONTACTS

**Frans Kraalshoek:** Free State
Griqua
Cell: 073 251 9090

**Gabriel Marais:** KZN
Griqua
Cell: 083 703 9405

**Corneels Links:** Kharkams, Northern Cape – Nama
Cell: 078 498 5564

**Anthony Petersen:** Free State
Korana
Cell: 084 253 4393

**Cecil le Fleur:** Matzikama District
Griqua
083 234 5501

**Gert Joel Links:** Kuboes
Nama
Cell: 066 545 8585

**Chantal Revell:** Cape Town Cape Khoi
Cell: 076 073 2607

**Johannes Waterboer:** Griekwastad
Griqua
Cell: 083 732 6819

**Stanley Peterson:** Upington
Griqua
Cell: 073 029 9956

**Johannes Maarman:** Patensie
Korana
Cell: 074 872 6829

**Louisa Williams:** Kimberley
Korana
Cell: 073 293 9467

**Margaret Coetzee:** Eastern Cape
Cape Khoi, Inqua
Cell: 076 552 4723

**Moira Daya:** Gauteng
Cape Khoi
Cell: 084 680 7779

**John van Rooyen:** Gauteng
Bushmen
Cell: 078 326 5394

**Poem Mooney:** Oudtshoorn
Cape Khoi, Attaqua
Cell: 083 590 2740

**Johan George:** Eastern Cape
Korana
Cell: 063 318 9271

**Paul Pienaar:** Griqua
Cell: 084 312 6946

**Barend Salomo:** Wupperthal
Cell: 067 404 8840

**Kennett Maarman:**
Nieuwoudtville
Cell: 073 944 4717

**Charlie Josephs:**
Gqeberha
Cell: 084 533 2281





Ma Griet en haar dogter, Rosetta Simons, by die groot verjaardagkoek.


**GROOT EER:** Kinders van Ma Griet Messelaar begelei haar na die saal vir die verjaardagvieringe. Links is haar dogter Rossetta Simons, en regs is haar seun, Aaron Messelaar.


Haar seun, kapt. Aaron Messelaar.


Met haar klein-skoonseun Shorlen Louw.


Met kleindogter, Winnifred Messelaar.

# Kruie, stap, eer aan ouers geheim van lang lewe, glo Ma Griet (105)


**105 JAAR JONK:** Margereth Messelaar op die rooi tapyt, waar sy op Nuwe Jaar haar 105de verjaardag gevier het.

**DEBBIE HENDRIKS**

Griet Margereth Messelaar, wat op 1 Januarie haar 105de verjaardag gevier het, het in haar lewe baie selde 'n dokter besoek.

Ma Griet, 'n trotse Griekwa, het al die jare onwrikbaar in inheemse kruie geglo.

Haar kennis van die verskillende inheemse bossies wat sy as kruie gebruik het, was oor die jare vir haar kinders 'n bron van verwondering, sê haar seun, kapt. Aaron Messelaar.

Ma Griet het ook – soos talle van die ouer garde en baie inheemse gesinne kan getuig – geglo dat kinders se maag gereeld "skoongemaak" moet word.

In die Messelaar-huis het dit elke Vrydagaand gebeur, natuurlik met die kruie wat sy self voorberei het.

Behalwe kruie, is Ma Griet se ander geheime vir 'n lang lewe om in God te glo, gereeld te stap en om jou ouers te eer, want dit kom saam met 'n belofte: "Dat jou dae verleng sal word."

Dit is wat haar ouma haar geleer het, dat as jy ouers eer, sal aan jou 'n lang lewe besorg word. En dit is wat Ma Griet gedoen het, sy het na haar ouma omgesien.

Ma Griet se ma is dood met die geboorte van haar suster Johanna (vandag Jamilah Mohammed) en sy was net 'n paar dae op skool toe sy die skool moes los om haar ouma by te staan.

Dit is die rede waarom Ma Griet nie vandag kan lees en skryf nie.

Ma Griet is gebore in 1920 in Griekwastad in die Noord-Kaap en was die naas-oudste van sewe kinders, waarvan sy die enigste oorlewende is.

Sy het later op Campbell gaan bly. Sy het geboorte geskenk aan nege kinders – ses seuns en drie dogters – Andrew, Paul, Johannes, Betty, Rosetta, Jakobus, Abram, Aaron en Lena.

Andrew, Paul en Betty het haar al ontslaap en is in die Messelaar-begraafplaas op Campbell begrawe.

Twee van haar seuns is tydens die Covid 19-pandemie oorlede. Andrew is dood toe hy vir 'n mediese ondersoek na Kimberley gegaan het en sy dokter hom met die virus aangesteek het. Hy is twee weke later op 22 Augustus 2020, in die Kimberley-hospitaal oorlede.

Vier maande daarna is haar tweede oudste seun, Paulus, ook skielik op 10 Januarie 2021 aan Covid-19 oorlede.

Ma Griet was baie hartseer. Sy wou weet: "As ek kinders so moet begrawe wie begrawe vir my?"

Ma Griet dien steeds op die raad van oudstes van die Griekwa Koningshuis.

Die Koningskuis bestaan uit 'n Kaptein met n Kapteinsraad wat uit tien lede bestaan. Een lid het in 2024 ontslaap.

Die raad van oudstes is 'n adviserende raad wat die Kapteinsraad dien.

Die lede van die Kapteinsraad beklee portefeuljes, wat die advisering aan die Kaptein bespoedig.

Verder is daar 'n Volksraad, wat uit die leierskappe van die sewe provinsies bestaan, asook provinsiale volksrade en plaaslike volksrade.

Volgens Aaron Messelaar, was sy ma baie streng.

"Ek het altyd gedink die manier hoe sy ons opvoed is anders van die manier waarop my neefs se ma en pa hul behandel.

"As een van ons gefouteer het gedurende die dag het sy ons gerus gemaak en soos gewoonlik het sy ons die laat slaap.

"Maar teen voordag, so vyfuur die oggend, dan word ons almal geslaan oor die een kind se fout.

"Eers later het ons besef dat sy ons geleer het dat ons mekaar moet bystaan en reghelp. Dit het ons baie geheg aan mekaar gelaat."

# Nama, Griekwa ontvang tjeks



**UITEINDELIK, DIE OORWINNING:** Voor van links Barend van Wyk, voorsitter van die Griekwa Nasionale Raad, past. Johannes Maarman, voorsitter van die Rooibos Trust, en Oudste Gert Links, voorsitter van die Nama Volksorganisasie, met ander leiers en afgevaardigdes by die oorhandigingseremonie. **FOTO'S: IFN MEDIA**



Past. Paul Vogelsang, wat die verrigtinge met 'n gebed in Namagowab geopen het.



**UIT VOLLE BORS:** Die Nama-koor van die Noord-Kaap sing by die geld-oorhandigingseremonie in die Kasteel in Kaapstad.



Leraar Chris de Waal, Kerk-president van die Griekwa Nasionale Konferensie sluit die verrigtinge af met gebed.

**VIR DIE JEUG:** Jong Griekwa koorlede vir wie van die fondse geoormerk word.









Vroue-lede van die Griekwa-koor, en regs, ander afgevaardigdes wat die oorhandigingseremonie bygewoon het.




**WATERSKEIDINGSOOMBLIK:** Senior leiers van die verenigde Griekwa Nasionale Raad , wat verantwoordbaar sal wees vir die gelde wat aan die Griekwa Khoi-Khoi-volk oorhandig is.